

**5 November**

**Ware verootmoediging bely God se geregtigheid en bevestig sy genade**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 12  
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 12:6, 7 en 12 (OAV)**

Wie dink hy is sterk, moet oppas dat hy nie eerste val nie! Rehabeam se val het begin met sy verdraagsaamheid teenoor allerlei vreemde en God-onterende gebruike. Hieroor is die Here nie verdraagsaam nie. Hulle het die Here verlaat. Maar God waarsku hulle met sy opsoekende liefde. Eers doen Hy dit deur 'n tugroede (koning Sisak) en later deur sy profeet.

Ons beleef tans 'n stroom van gebeurtenisse wat meedoënloos oor ons spoel. Dit lyk asof dit geen betekenis inhou nie, maar deur die geloof en deur die Woord van God kan ons God se betrokkenheid daarin raaksien. Is die stortvloed van misdaad en gewelddadige gebeure nie juis God se tugroede oor 'n kerkvolk wat Hom verlaat het nie? Hierdie kerkvolk sluit ander volke in. Daar is gelowiges in verskeie volke wat tans dieselfde nood ervaar.

Maar die Here hou self sy Naam in stand. Hy sal nie sy kerk laat voortgaan op die pad van afgodery nie. Die vraag is egter: Sien en hoor ons vandag nog God se waarskuwings in al die gebeure om ons en met ons? Voel ons nog sy tugtigende hand op ons?

Kan jy saam met Rehabeam uitroep: Die HERE is regverdig? Hy is reg in al sy werke, ook as ek soms die slegte en swaar dinge uit sy hand moet ontvang? Hy is regverdig, daarom word sy genadeverbond aan sy kinders bevestig deur die bloedprys van die verbondsmiddelaar, Jesus Christus. En vanuit die verbond is dit die Heilige Gees wat ons van God se trou en liefde verseker.

Hoe dankbaar moet ons nie wees nie! Ons saligheid rus op vaste fondament, want die Here is regverdig. Wat Hy belof het, gee Hy. Slegs 'n verootmoedigende mens kan dus in Christus getuig van God se geregtigheid en sy genade. Daarsonder sou die lewe nie moontlik gewees het nie.

*Sing: Psalm 86:1, 6 (Totiusberyming)*

*Ds. SA Cilliers (Waterberg)*